# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V1

SEPTEMBER 2023

PROEFEKSAMEN

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

   AFDELING A: BEGRIPSTOETSE (30)

   AFDELING B: OPSOMMING (10)

   AFDELING C: TAALWERK (40)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.


***STERKTE!!!***

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**



## VOOR OP DIE WATER

Soos vertel aan **Meghan Lawrence** deur Tristan Roberts

1 "Ek was sewe jaar oud toe ek vir die eerste keer my liefde vir die see ontdek het. My broer en 'n vriend van hom het my eendag speels in die see gestamp, en ek het dadelik verlief geraak.

2 Ons het maar pas uit die Kaap uit Hermanus toe getrek en het net so 2 km van die see gewoon. Selfs my skool was net 'n kilometer of so van die strand af - dit het my toegelaat om te doen waarvoor ek regtig lief was: om op die strand en see te wees.

3 Die see en strand was nog altyd vir my 'n ontvlugting. Selfs meer as dit: die see is vir my 'n veilige plek. Wanneer ek hartseer of kwaad was, kon ek gaan lyfplankry. Wat ek nie destyds geweet het nie, was dat dit eendag my werk sou word, en dat ek 'n wêreldkampioen sou word. In daardie stadium van my jongmenslewe wou ek net in die water wees, en vir geen ander rede as dat ek regtig lief vir die see is. Hier voor ons sit en kyk ek nou na die golwe wat breek... Dis die plek wat ek so lief het.

4 Ek vaar gereeld die water by Onrus in – dis een van die gevaarlikste strande in die wêreld omdat die water altyd anders is. Soms kry jy kalm waters, soms is dit vreesaanjaend en ander kere is die water stil. Ek is van jongs af aan hierdie waters blootgestel en dink dit het my voorberei vir situasies in die see waaraan ek daarna blootgestel is.

5 Ek het eers in 2012 ernstig geword in lyfplankry toe ek as 15-jarige aan 'n nasionale kompetisie deelgeneem het. In 2016 het ek vir die eerste keer in die Kanariese Eilande gaan deelneem. En drie jaar later het ek my eerste wêreldtitel gewen. Maar covid-19 het direk daarna begin en ons sport is gestop in 2020 en 2021 – dit was 'n moeilike tyd.



6  Dit het veroorsaak dat ek baie gestres het, want ek het begin wonder of ek regtig goed genoeg is om weer die wêreldtitel te wen.  Ek het gewonder of ek in 2019 dalk uit blote geluk gewen het.  Dit het my baie slapelose nagte gegee toe ons weer in 2022 begin kompeteer het, want jy is in hierdie kompeterende ingesteldheid, en dan wonder jy of iemand anders beter as jy is.  Maar ek het vir myself 'n doelwit gestel, en ek het dit bereik.

7.  En dis alles danksy oefening. Dit verg veel meer oefening as wat mense besef. My oefenroetine hang baie af van hoe die water op 'n spesifieke dag lyk.  Dit word veral beïnvloed deur die golwe en die wind.  Wanneer die toestande reg is, sal ek tot tussen vyf en agt uur in die water kan wees.

8  Ek oefen ook buite die water.  Ek lig gewigte en hardloop baie.  Wanneer ek oefen, sal ek my asem ophou en kyk hoe lank ek dit kan ophou. In die water kan ek my asem vir ongeveer drie minute inhou.  Al hierdie dinge help jou ook met jou emosionele krag – jou geestestoestand moet reg wees wanneer jy in die water gaan.




9  Hierdie jaar was dit besonder moeilik om terug te gaan en weer deel te neem.  Ek het geweet ek sal teen die wêreld se bestes moet deelneem – die beste van die beste.  Maar daar was covid-19 en die onsekerheid.  Ek het gewonder of mense gedink het ek het die talent om regtig die wêreldkampioen te wees.  Ek moes aan myself bewys dat dit wel in my steek.  En ek het dit gedoen.  Nou kan ek in die toekoms net daarop fokus om deel te neem.

10  Dit was 'n ongelooflike reis.  Daardie laaste wen was bevrydend. En ek is nou dankbaarder as ooit dat ek hierdie passie al op 'n jong ouderdom ontdek het. As dit nie vir my ma, broer en suster was nie, sou ek miskien nooit geweet het nie.




11 My ma het ons alleen grootgemaak, sy het baie opofferings vir ons gemaak en my broer het die vuur in my oë gesien om 'n wêreldkampioen te word.

12 Dis vandag steeds vir my moeilik om te glo dat 'n kind van Hermanus 'n wêrekdkampioen geword het. Ek wonder soms of daar mense is wat nie hulle passie nastreef nie. Ek dink dat die wêreld 'n baie beter plek sal wees as mense liewers tyd maak om te soek na die dinge wat hulle regtig gelukkig maak."

(Verwerk uit Huisgenoot, 15 Desember 2022)

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Lees die titel.

Waarna verwys die woord "water"? (1)

1.2 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.2) neer

Meghan Lawrence is heel waarskynlik ...

A. 'n joernalis.
B. 'n netbalspeler.
C. een van Tristan se vriendinne.
D. Tristan se suster. (1)

1.3 Watter WOORD in paragraaf 1 sê vir ons dat Tristan se broer en 'n vriend hom as 'n grap in die see gestamp het? (1)

1.4 Noem TWEE emosies wat Tristan soms na die see, sy veilige plek, dryf. Skryf net TWEE APARTE woorde as antwoord neer. (2)

1.5 In watter sport het Tristan Roberts 'n wêreldkampioen geword? Skryf een WOORD as antwoord neer. (1)

1.6 Volgens die artikel het Tristan in 2016 in die buiteland aan 'n kompetisie deelgeneem.

Waarom kan ons sê dat hierdie 'n FEIT en nie 'n MENING is nie? (1)

1.7 In watter jaar het Tristan sy eerste wêreldtitel gewen? (1)

1.8 In paragraaf 6 sê Tristan: "... ek het vir myself 'n doelwit gestel, en ek het dit bereik."

Verduidelik wat hierdie "doelwit" was wat hy bereik het. (1)

1.9 Lees paragraaf 7.

Watter TWEE dinge moet reg wees sodat Tristan tussen vyf en agt uur in die water kan wees? (2)

1.10 Kies die regte inligting in KOLOM B wat by die woord in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A – E) langs die vraagnommers (1.10.1 tot 1.10.4) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.10.1 2012 | A Moeilike en onsekere impak op Tristan se sportlewe gehad. |
| 1.10.2 Hermanus | B Naam van 'n nasionale kompetisie. |
| 1.10.3 Covid-19 | C Tristen was vyftien jaar oud. |
| 1.10.4 Onrus | D Tristan se tuisdorp. |
| | E 'n Gevaarlike strand waar die see nooit dieselfde is nie. |

(4 x 1) (4)

1.11 Al Tristan se oefening en voorbereiding vir kompetisies vind in die see plaas.

Haal 'n SIN aan om te motiveer waarom die bogenoemde stelling ONWAAR is. (1)

1.12 Een van die oefeninge wat Tristan doen, is om te leer om sy asem op te hou.

Waarom, dink jy, is dit so 'n belangrike oefening vir hom? (1)

1.13 "<u>Hierdie jaar</u> was dit besonder moeilik om terug te gaan en weer deel te neem." (Paragraaf 9)

Na watter jaar verwys Tristan? (1)

1.14 "Ek het gewonder of mense gedink het ek het die talent om regtig die wêreldkampioen te wees." (Paragraaf 9)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen die hakies.

Tristan se woorde in die bogenoemde uittreksel sê vir ons dat hy gedink het dat mense ( dink hy het nie regtig talent vir sy sport het nie / sy talent erken en bewonder). (1)

1.15 Hoe het Tristan se laaste wen hom laat voel.? (Paragraaf 10)
Haal 'n WOORD as antwoord aan. (1)

1.16 "... en my broer het die vuur in my oë gesien om 'n wêreldkampioen te word." (Paragraaf 11)

1.16.1 Word hierdie frase LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)


1.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer waarom.

Tristan se pa het 'n groot rol in sy lewe gespeel. (1)


1.18 "Ek dink dat die wêreld 'n baie beter plek sal wees as mense liewers tyd maak om te soek na die dinge wat hulle regtig gelukkig maak."

Stem jy saam met Tristan se siening? Motiveer jou antwoord. (1)



**TEKS B**

Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Netwerk 24, "Hoe Suid-Afrikaners vakansie hou", 11 September 2013]

1.19.1 Kyk na die prentjies op die tas in die tabel. Noem een land wat op die tas verteenwoordig word. (1)

1.19.2 Waarom, dink jy verteenwoordig daardie prentjie die land? (1)

1.20 Waarom, dink jy, vra so min mense reisagente vir vakansie-inligting? (1)

1.21 Hoekom is daar 'n prentjie van skoene in die tabel? (1)

1.22 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Volgens die tabel, betaal (mans/vroue) gewoonlik vir die vakansies. (1)

1.23 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur 'n SIN uit die tabel aan te haal.

Die statistieke in hierdie tabel is gedoen met mense wat minder as R15 000 per maand verdien. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

As die eksamen soos ‘n berg voor jou lê, moenie jouself bekommer nie. Ons het 7 wenke om jou te help om reg voor te berei vir die eksamen.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke oor hoe om reg voor te berei vir die eksamen, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

HOE OM REG VOOR TE BEREI VIR DIE EKSAMEN

Wanneer die werk baie is en jy skryf amper elke dag ‘n vak, kan dit moeilik raak om tyd te kry vir al jou leerwerk. Teen eksamentyd moet jou opsommings reeds klaar gedoen wees. Eksamentyd is daar vir hersien en herhaal. Dit is belangrik dat jy op ‘n stil plek leer en dat daar genoeg spasie is vir jou om al jou boeke en opsommings voor jou te sit. Sorg dat jy kleurpenne en highlighters gebruik wanneer jy leer vir die eksamen. Soos wat jy die werk hardop leer, moet jy dit ook neerskryf. Wanneer jy jou tydsbeplanning doen, sorg dat jy tyd inruim om ou vraestelle uit te werk. Dis moeilik om iets te verduidelik as jy dit nie ken en verstaan nie. Werk deur jou werk en wanneer jy voel dat jy dit genoeg ken, verduidelik dit aan iemand anders. Moenie te lank aanmekaar leer nie. Leer maksimum 45 minute en rus vir 15 minute. As jy te lank aanmekaar leer, gaan jou brein nie alles kan onthou nie. Niks is erger as om in die eksamenlokaal te sit en agter te kom dat jou pen nie werk nie, of dat jy jou sakrekenaar vergeet het nie. Wees dus voorbereid deur die aand voor die eksamen alles wat jy gaan benodig, te pak.

Weet jy hoe om te leer volgens jou leerstyl? Kan jy self opsom en weet jy hoe om jou werk te memoriseer? Indien nie, kontak ons vir ‘n studiemetodes werkswinkel waar ons jou op ‘n praktiese manier leer hoe om reg te leer volgens jou leerstyl. Kontak ons by info@studiemetodes.co.za

**[WWW.STUDIEMETODES.CO.ZA]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**TEKS D**

# ONTMOET ONS SA HELDE

Jy't nie (3.1) supperkrag nodig om die wêreld te verander nie. Kyk hoe dié Suid-Afrikaanse pioniers die weg gebaan het vir toekomstige presteerders soos jy! Dié uitgawe bevat meer as 140 Suid-Afrikaners wat grense verskuif en op die wêreldverhoog geskitter het. Of dit nou in Hollywood, op die musiektoneel, in die sportarena, wetenskap, sakewêreld of op die modeverhoog is waar hulle uitgeblink het – (3.4) hierdie inspirerende Suid-Afrikaners sal jou aanspoor om jou drome te bewaarheid!

LEES MEER OOR
- Charlize Theron
- Trevor Noah
- David Kramer
- Die Ndlovu-jeugkoor
- Nelson Mandela
- Desmond Tutu
- Elon Musk
- Mark Shuttleworth
- Deon Meyer
- Chris Barnard
- Wayde van Niekerk
- Ryk Neethling
- Rolene Strauss
- en vele ander!




NOU TE KOOP

BESTEL NOU

[UIT:huisgenoot.com 3 NOVEMBER 2023]

**<u>AANLYN</u>**

media24.shop.com of huisgenootwinkel.com/E-POS koop@huisgenoot.com/BEL 021 406 4962

3.1 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin en skryf die korrekte spelling neer.

Jy't nie supperkrag nodig om die wêreld te verander nie. (1)

3.2 Wie is die TEIKENMARK van hierdie advertensie? (1)

3.3 Hoe ondersteun die prente die inhoud van die advertensie? (1)

3.4 Skryf die volgende sin oor as VRAAGSIN.

Hierdie inspirerende Suid Afrikaners sal jou aanspoor om jou drome te bewaarheid. (1)

3.5 Gee die korrekte GESLAG vir die woord in hakies.

Charlize Theron is 'n (akteur). (1)

3.6 Noem een manier hoe jy die tydskrif in die hande kan kry. (1)

3.7 Wat probeer die adverteerders vir jou omtrent jouself vertel wanneer jy die advertensie lees? (1)

3.8 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf die letter (A-D) langs die vraagnommer (3.8) neer.

Voltooi die IDIOOM wat beslis op die advertensie van toepassing is.

Aanhouer ...

A. verloor.
B. gee op.
C. gee nooit op nie.
D. wen. (1)

3.9 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies.

Al die mense wat in die advertensie genoem word, is (baie beroemd). (1)

3.10 Hoekom sou dié advertensie jou oorreed om die tydskrif te koop? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Waarmee dink jy, is Meneer besig? (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord in hakies en skryf dit neer.

In RAAMPIE 2 is die woord "WHAP" 'n voorbeeld van (klankherhaling/ klanknabootsing). (1)

4.3 Wat, dink jy, het Neelsie in RAAMPIE 2 gedoen? (1)

4.4 Kyk na RAAMPIE 2. Gee TWEE visuele bewyse dat Meneer groot geskrik het. (2)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Neelsie sê: "Die vlieg irriteer my verskriklik." (1)

4.6.1 Hoe dink jy, voel Meneer in RAAMPIE 3? (1)

4.6.2 Verduidelik waarom jy só sê deur na sy lyftaal te verwys. (1)

4.7 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die vlieg pla Neelsie verskriklik. (1)

4.8 In watter vertrek by die skool is Meneer en Neelsie? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

# SKOOL VAN DIE TOEKOMS, VANDAG...

(5.1.1) Jou kind se toekoms is iets waaroor menige ouer snags wakker lê, en in hierdie (5.1.2) vinnig (5.1.3) <u>veranderende</u> wêreld is dit ook geen wonder nie.

Teen die jaar 2025, voorspel navorsers, sal die werk van 85 miljoen mense wêreldwyd (5.1.4)___ robotte gedoen word. En hulle reken 65% van die beroepe wat vandag se laerskoolkinders wel eendag sal kan beoefen, moet nog "uitgevind" word.

(5.1.5) Hoe op aarde (5.1.6) <u>rus</u> jy jou kind toe vir 'n wêreld waar die beroepe van hul ouers en grootouers nie meer bestaan nie

(5.1.7) Een opsie is 'n unieke, toekomsgerigte skool wat Januarie vanjaar in Sunninghill, Johannesburg, geopen het.

(5.1.8) (Hier sit kinders op kleurvolle sitsakke rond) terwyl hulle op hul skootrekenaars vakke soos programmering, kriptogeld, komponering, videoredigering en podsendings leer. Jou kind kan dus 'n (5.1.9) <u>program</u> word.

(5.1.10) Kortom, hulle kry die kans ('n nuwe Steve Jobs of Bill Gates word), verduidelik Shaun Fuchs, stigter en hoof van die Centennial School.

"Die hele idee agter die skool is dat leerlinge teen (5.1.11) <u>gr.11</u> reeds hul eie aanlynwinkels sal hê, apps sal skep en handel dryf danksy die vaardighede en platforms wat ons aan hulle verskaf, en dalk nie eens tersiêre opleiding sal benodig nie," wy hy uit.

(5.1.12) Daar (in die laboratorium)(flitsende skerms)(pleks van proefbuise)(is). Groen sportvelde is hier nie, want kinders beoefen e-sport.

Maar die werklikheid is dat hierdie futuristiese leeromgewing en kurrikulum tans nog baie min kinders beskore is. Die basiese skoolgeld van rondom R94 000 per jaar is goedkoper as dié van sommige meer tradisionele privaat skole, maar steeds buite bereik van miljoene Suid-Afrikaanse ouers. En tans aanvaar hulle net (5.1.13) <u>73</u> leerlinge.

Hoe kan jy dan jou kind (5.1.14) (hulp/help) om toekomsgereed te wees?

[Verwerk uit: **huisgenoot.com** 3 NOVEMBER 2022]

5.1.1 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.

Jou kind se toekoms is iets waaroor menige ouer snags wakker lê. (1)

5.1.2 Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Hierdie wêreld verander (vinnig). (1)

5.1.3 Verdeel die woord in hakies korrek in LETTERGREPE.

In hierdie vinnig (veranderende) wêreld is dit ook geen wonder nie. (1)

5.1.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in die oop spasie in.

Teen die jaar 2025, voorspel navorsers, sal die werk van 85 miljoen mense wêreldwyd ___ robotte gedoen word. (1)

5.1.5 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken wat ingevul is.

Hoe op aarde rus jy jou kind toe vir 'n wêreld waar die beroepe van hul ouers en grootouers nie meer bestaan nie (1)

5.1.6 Hoe op aarde <u>rus</u> jy jou kind toe vir 'n wêreld waar die beroepe van hul ouers en grootouers nie meer bestaan nie

Gebruik die HOMONIEM van <u>rus</u> in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.1.7 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Een opsie is 'n unieke, toekomsgerigte skool wat Januarie vanjaar in Sunninghill, Johannesburg, geopen het. (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Hier sit kinders op kleurvolle sitsakke rond. (1)

5.1.9 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Jou kind kan dus 'n (program) word. (1)

5.1.10 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Kortom, hulle kry die kans ('n nuwe Steve Jobs of Bill Gates word). (1)

5.1.11 Skryf die AFKORTING vir die woord in hakies voluit neer.

Die hele idee agter die skool is dat leerlinge teen (gr.) 11 reeds hul eie aanlynwinkels sal hê (1)

5.1.12 Skryf die sin hieronder in die korrekte WOORDORDE.

Daar (in die laboratorium)(flitsende skerms)(pleks van proefbuise)(is). (1)

5.1.13 Skryf die GETAL tussen hakies as ‘n woord.

En tans aanvaar hulle net (73) leerlinge. (1)

5.1.14 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Hoe kan jy dan jou kind (hulp/help) om toekomsgereed te wees? (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



[Bron: iStock]

5.2.1 Al die studente by hierdie universiteit lyk gelukkig. Wat doen hulle dat ons dit kan sê? (1)

5.2.2 Vorm ‘n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Al die (sit) studente is besig om te werk. (1)

5.2.3 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie in.

‘n Mens kan sien ___ moet hard op universiteit werk. (1)

5.2.4 Verbind die sinne met die VOEGWOORD in hakies.

Die studente werk buite. Dit is ‘n pragtige dag. (aangesien) (1)

5.2.5 Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.

Die student is (tevrede) met sy punte as die vorige jaar. (1)

5.2.6 Vorm ‘n SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Die werk op universiteit is nie (kind+speletjies) nie. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

**KLEUR DIE PRENT IN.**

